VOORWOORD

Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge in die NG Kerk 2010

Kerkrade en ander werkgewers in die NG Kerk word van dag tot dag gekonfronteer met allerlei praktiese en statutêre reëlings wat uit diensverhoudinge spruit. Met hierdie Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge word gepoog om 'n hulpmiddel aan te bied wat kan help om die diensverhoudings meer effektief te reël.

Die doel van die Bestuurshandleiding

- is nie om volledig te wees nie. Daar word wel gepoog om oor die belangrikste praktiese sake leiding te gee en om 'n wye verskeidenheid voorbeelde aan te bied;
- is nie om voorskriftelik te wees nie. Wetlike- en kerkordelike voorskrifte word aangedui waar van toepassing. Werkgewers kan wel die riglyne (soos byvoorbeeld die personeelbeleid in hoofstuk 2) gebruik, maar moet eers seker maak dat dit aan hulle eie besondere vereistes voldoen voordat hulle dit as hulle amptelike dokument aanvaar;
- is nie om finaal te wees nie. Praktiese omstandighede en statutêre wysigings maak voortdurende aanpassings nodig wat ook deurlopend in hierdie gids ingewerk sal word.

Enige kommentaar of aanbevelings of navrae na aanleiding van hierdie gids word verwelkom en kan gerig word aan die skriba van die Algemene Taakspan vir Diensverhoudinge by dewyku@iafrica.com

Ten slotte: Die werk wat deur mnr Joep Joubert van Joubert and Associates – OD & HR Practitioners (Pty) Ltd" (www.joubertassociates.co.za) gedoen is om hierdie Bestuurshandleiding moontlik te maak word hiermee met groot dankbaarheid erken. Sonder sy bydrae sou hierdie gids moontlik nooit tot stand gekom het nie. Graag word ook erkenning gegee aan die volgende persone wat meegewerk het aan die opstel en finalisering van die Bestuurshandleiding: Prof. Luther Backer; Dr. Gerrit Cloete; Dr. Johan Ernst; Mnr Kenny Raats en Dr. Dewyk Ungerer

Dr. Dewyk Ungerer
Namens die Algemene Taakspan vir Diensverhoudinge
Augustus 2010